# ACVV KENANI DIENSSENTRUM

## VADERSDAG TEE- LEPEL- ETE BUFFET

**SONDAG: 19 Junie 2016, 11H30 VIR 12H00.**
**By die ACVV Kenani Groot Saal, Alphastr. 7**



Kostes beloop R90 per volwassene, 6–12 jariges betaal R40 en 6 jaar en jonger betaal slegs R20. Kom geniet 'n ete eie aan sy soort – jy mag net met 'n teelepeltjie inskep. Daar is 'n groot verskeidenheid geregte soos 4 vleise, groente, slaaie en nagereg om van te kies en te keur. Bring u eie drinkgoed saam. Bring jou vriende en familie en kom ondervind iets buitengewoon. Die fondsinsamelings projek gaan ter ondersteuning vir Belangrike Dienste wat aan ons Bejaarde gemeenskap gelewer word. *Kontak vir Kitty Eigelaar 0822130470 of Mariana Lategan by 044 690 3204 of 6903794 om u plek te bespreek.*



**Botswana uitreik**: Dit is drie weke voor die Botwana uitreik vanaf 25 Junie tot 6 Julie plaasvind. Die plaaslike sendeling, DS TC du Toit, het ons gevra om op vroeë kinderontwikkeling te fokus. Meer hieroor in die komende nuusbrief. Ons span bestaan uit 31 lede en ons reis met 6 voertuie. Ons is laas bederf met heerlike beskuit en koekies en ander lekkernye uit die gemeente. Sou ons weer so gelukkig wees....? As deel van die fokus op vroëe kinderontwikkeling bou ons 'n speelpark. Dit gaan ons ongeveer R5000 kos. Bydrae sal baie waardeer word, maar moet nie u dankoffer aan die gemeente vervang nie, want ons gemeente sukkel ook om sy begroting te laat klop.

**Makhathini:** Ons sendelingpaar in Makhathini, Lourens en Jean van der Westhuizen , is Dinsdagaand oorval in hulle huis deur 6 gewapende mans. Lourens, Jean en haar ma was in die huis. Die rowers is weg met hulle selfone, geld en hulle voertuie. Lourens is hardhandig gehanteer, maar hulle lewens is almal gespaar. Bid asseblief vir hulle in hierdie tyd.

**Graad 7 KAMP:** Die jeugwerker van Moedergemeente bied 'n skoolverwisselingskamp aan vanaf 14 tot 17 Julie 2016 te Heroldsbaai. Hy nooi al die Gr5's in ons ring uit om ook by te woon. Die koste is R350. Kontak ds André vir meer inligting.



ONS EER GOD MET LIEFDEVOLLE OMSIEN EN UITREIK

# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 5 Junie 2016**

*"In ons verbondenheid met Hom en deur ons geloof in Hom kan ons met vrymoedigheid en vertroue na God gaan". Efesiërs 3: 12*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir die Kweekskool op Stellenbosch.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R tot 6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 se kategese is na die diens in die saal. Gr 9 kategese vandag om 11:00. Gr 10 Woensdag om 18:00 by ds Robert. Gr 11 vergader nie.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om **09:00** in die kerkgebou (ds André) en **09:30** op Vleesbaai (Ds Danie). Kinderkerk (ds Robert). *Biddag vir Jeug en Kategese.*

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 gaan na die kinderoomblik na die Kinderkerk in die saal. Gr 7-8 se kategese is na die diens in die saal. Gr 9 kategese soos deur ds André gereël. Gr 10 Woensdag om 18:00 by ds Robert.

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir die Kinderkerk.

## PROGRAM VIR DIE WEEK



**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag om 15:00 in Santos Haven 2 se sit kamer en Dinsdag om 09:30 in die kerkgebou.

Ds André: Dinsdag om 09:30 in die kerksaal. Woensdag om 18:30 selgroep by Bolandpark.

Ds Robert: Dinsdag om 09:00 te 17de Laan pastorie en om 19:00 by Tienie Bothastraat; Donderdag om 09:00 Vleesbaai/Rietvlei en Boeklees groep 19:00 te 19de Laan 18.

**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie.
Vonkelvroue om 19:00 in die kerksaal.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15: 30 by Santos 1 (ds Danie).

**Donderdag:** Manne bid om 06:00 saam in die kerksaal(onder verhoog).

## BELANGRIKE INFO

**PERSKES & ROSYNE:** Ons verkoop vir die Botswana-uitreik! Nog net ongeskilde perskes @ R60/kg. Rosyne @ R40 p/kg. Kry by die kerkkantoor of by ds Robert(na 12:30, 6912244) Daar is ook nou mikrogolf springmielies @ R10.




**DEURKOLLEKTES:** Die deurkollekte vir CLF was R2 054-40.

**TIENERS:** Onthou Sondagaand van 18:00-20:00 in die gat onder die verhoog in die kerksaal. Daar is al 'n mooi klompie tieners wat heerlik saamkuier. Kom gerus en bring 'n maat as jy wil!

**HERBERG KINDERHUIS:** Ons beplan om na die skoolvakansie in Julie weer 'n pakkie na die kinderhuis te neem. Die volgende word benodig: koffie, milo, melk en poeierkoeldrank. Toiletware, bv. sjampoe, seep, handeroom en waslappies. Skoonmaakmiddels bv. poeierseep, "handy andy", skottelgoedseep en vadoeke. Koekies, lekkers en beskuit.
Smere bv Marmite, grondboonbotter, konfyt, stroop, ens. Beskuit en koekies, blikkies vleis, vis en tuna. blikworsies, polonie en kaas. Grondbone & rosyne wat in kosblikke kan kom. Kontant ook welkom dan koop ons aan wat ons nie ontvang het nie. Daar's 15 dogters in Huis C(laerskool ouderdom). Gee asseblief teen 15 Julie af by kerkantoor. As u van 'n geleentheid weet na Robertson, kontak ons asseblief. Joey de Jager 073 2988142 of 044 6910116.




**KOSKAS:** Junie is **Streek C** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**VONKELVROUE:** Ons volgende byeenkoms is DV op 9 Junie om 19:00 in die kerksaal. Anita Knottenbelt kom vertel hoe om weggooigoed te herwin om bruikbaar te wees en hoe om jou huis te organiseer. Toegang is R15 en betaalbaar by die deure. Dit sluit 'n heerlike Kerrie-en-rys in. Skakel net die kerkkantoor(044-6903552) om getalle deur te gee t.w.v. ons voorbereidings. Bring ook tydskrifte en dagboeke saam om te ruil. Uitstallers is welkom — bring geldjie saam om hulle te ondersteun!

**VERSORGING:** Een van ons lidmate het 'n operasie gehad en benodig iemand (sonder afhanklikes) om vir 2-3 maande by haar in te woon. Kontak ds André as u weet van iemand.

**ALMAL WAT "CRAFT":** Het jy ook 'n projek wat nie klaar kom nie, en kan jy ook nie aan die gang kom nie. Ek nooi jou om vir 'n Saterdag oggend/middag saam te kom "craft". Dan kom jou projek klaar en leer ons by mekaar. Kontak vir Selma by 0845500554.

***SAAMKUIER NA DIENS***

*Lekker koffie en tee word weer na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer mekaar beter ken.*





## GEBEDSBULLETIN

***Tema vir JUNIE:*** *Armoede en Sorg*

### Dank die Here hierdie week vir:

⇒ Die besondere voorreg om in Eden-distrik te woon
⇒ Die sukses van die Hap-en-trap verkoping
⇒ Die werk van Badisa (NGK en VGK se "barmhartigheidsarm") tov versorging van mense in nood
⇒ Ons koskas, klerekas, sopkombuise en groente-tuinprojek

### Bid hierdie week vir:

⇒ Die Kweekskool op Stellenbosch en die opleiding van predikante.
⇒ Die bewaring van hulpbronne (5 Junie Internasionale Omgewingsondag.)
⇒ Ons gemeente om nie na binne gekeer te leef en net vir ons eie oorlewing te werk nie, maar te onthou dat die geringstes maniere is waarop ons Hom kan dien en ontmoet. (Mat 25) maniere is waarop ons kan ontmoet.
⇒ Almal wat al slegte ervarings gehad het en gevaar loop om hul harte te verhard of toe te maak vir mense in nood.
⇒ Botswana uitreik.
⇒ Leiers wat God se wil in Suid-Afrika sal doen.
⇒ Al die mense van Suid-Afrika om te reageer op die oproep tot versoening en dat hule heelhartig sal saamwerk om ons land te verander.
⇒ Moslems (Ramadan begin 6 Junie) om 'n ontmoeting met Jesus te Christus te hê.
⇒ Hugo Wolmarans - hy moet 'n besluit neem oor sy funksie in die bediening.

NB: Kantoor gesluit die 17 Junie 2016.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:
*Susan Jansen van Rensburg Protea-aftreeoord, Alfred Nielson Omicronstraat; Bettie Welch Ons huis; Naomie Pretorius Fijnboschpark.*



**STERFTE:** Reeva Pienaar van Vleesbaai se broer is oorlede

### BANKBESONDERHEDE

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*